## 26 Mei — Lukas 18:1-8 (18:7)

### *Misverstande oor gebed (2)*

Nog 'n misverstand oor die gebed bestaan somtyds oor die doel van gebed. Baie mense bid en bid en niks gebeur nie omdat hulle die gebed verkeerd gebruik. Hulle raak moedeloos en hou dan op met bid - omdat hulle dink gebed gaan hoofsaaklik om eie behoeftes en voordeel. Dit is nou wel nie verkeerd om te bid vir persoonlike behoeftes nie. Jesus leer ons tog ook om te bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood". Maar onthou net: Die bede om ons "daaglikse brood" vorm maar 'n klein onderdeel van die "Onse Vader"-gebed. Amper die hele "Onse Vader"-gebed gaan oor God se reg, God se eer, God se koninkryk. Dit is die belangrikste. Met ons gebede is ons weer so geneig om in hierdie gelykenis die woord "reg" te vervang met "voorregte". Met ons gebede wil ons baie keer vir spesiale "voor-reg-te" beding; ons wil bevoorreg word. Jesus sê egter: "Sal God dan nie aan sy uitverkorenes reg doen nie?"

Besef jy dat jou gebed te doen het met die reg van God en die reg van sy kerk (die arm weduwee in die gelykenis is simbool van die kerk van Christus wat in nood verkeer)? As jy dit besef, dan sal jy gebed korrek gebruik. Dan sal jy nie gefrustreerd en moedeloos raak omdat jy gebed verkeerd probeer gebruik tot jou eie voordeel nie. Jy sal eerder bid dat God aan sy kerk reg sal doen; dat God die onregverdige werke van die Satan en sy magte sal vernietig; dat God se koninkryk sal kom. Dan ontvang jy die belofte dat God jou gebede sekerlik en gou sal verhoor.

Sing: Psalm 43:1, 3

Ds. S.J. Briel (Boksburg-Suid)